Agri SA

Mediaverklaring / Media Release

Privaatsak / Private Bag X180 Centurion 0046, Tel +27 (0)12 643 3400, Faks/ Fax +27 (0)12 663 3178

Agri SA vra vir bystand met die droogte
AGRI SA ASKS FOR DROUGHT ASSISTANCE

28 Januarie/January 2016

Agri SA vra vir bystand met die droogte

Skaarste aan voer en stygende lusernpryse is besig om die krisis in droogtegeteisterde gebiede verder te vererger. Agri SA doen daarom 'n dringende beroep op besighede, boere, en die publiek wat bereid is om finansieel by te dra, en wat ruvoer, mieliereste en ander vorme van voer kan skenk, om Agri SA te kontak.

Derduisende stuks vee in besit van ons kommersiële en bestaansboere het reeds gevrek as gevolg van die akute behoefte aan voer en dit hou 'n ernstige bedreiging in vir voedselpryse en kosvoorsiening in die land in. "Ons het onlangs redelike goeie reëns gekry, maar onthou – dit reën nie gras nie, en dis belangrik om te verstaan dat die probleem nog nie opgelos is nie" meen Christo van der Rheede van Agri SA.

Daar is ook 'n dringende behoefte aan maatskappye wat hul trekkers en baalmasjiene kan beskikbaar stel om ruvoer in Gauteng spesifiek, maar ook in ander provinsies waar ruvoer beskikbaar is te baal sodat dit ook aan desperate boere beskikbaar gestel kan word. Agri SA is baie dankbaar vir die welwillendheid van almal wat die afgelope tyd voer geskenk het en wat ook vervoerhulp verskaf. Tonne voer, hoendermis en ander hulp is die afgelope tyd aan landbougemeenskappe in nood voorsien en ons loof ons provinsiale strukture wat dag en nag behulpsaam is met die skuif en verdeling van voer en ander humanitêre hulp.

Kontak Agri SA by 012 643 3400 en stuur ook epos aan christo@agrisa.co.za.

Uitgereik deur Agri SA, Direktoraat: Korporatiewe Skakeling

Navrae
Mnr Christo van der Rheede, Adjunk Uitvoerende Direkteur, Agri SA, 012-643 3400

AGRI SA ASKS FOR DROUGHT ASSISTANCE

Livestock fodder scarcity and rising lucern prices are exacerbating the crisis in drought-afflicted areas. Agri SA therefore calls urgently on businesses, farmers and the public who are willing to contribute financially or wish to donate fodder, maize stubble and other forms of feed to contact Agri SA.

Our commercial and subsistence farmers have already lost thousands of livestock as a result of the dire need for fodder. This poses a serious threat to food prices and the country's food supply. "We recently enjoyed good rains, but remember – it does not rain grass, and therefore it's important to understand that the problem has not yet been solved," says Christo van der Rheede of Agri SA.

Companies are also urged to make their tractors and baling equipment available to bale forage specifically in Gauteng, but also in other provinces where forage is available, so that it can be donated to desperate farmers. Agri SA is grateful for the generosity shown by those who recently donated livestock feed and wishes to thank all those who helped with the transportation thereof. Tons of fodder, poultry litter and other forms of assistance were already donated to farming communities in need and we applaud the provincial structures that assisted day and night to move and distribute fodder and other humanitarian aid to those in desperate need.

Please contact Agri SA at 012 643 3400 and also send an email to christo@agrisa.co.za.

Issued by Agri SA, Directorate: Corporate Liaison

Enquiries
Mr Christo van der Rheede Deputy Executive Director, Agri SA, 012-643 3400